## 19.18 RAPPORT 10 – DEPUTATE JEUGSORG – CROSS COURIER (Artt 157, 305, 319, 333)

## 19.18 REPORT 10 – DEPUTIES YOUTH – CROSS COURIER (Arts 157, 305, 319, 333)

A. Prof AJ Coetsee stel die Rapport.
Prof AJ Coetsee tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 2.2 word verwys na die Finansiële Kommissie.
**Decision:** Point 2.2 referred to the Financial Commission.

C. **Besluit:** Voeg by: Punt 2.3: Prof AJ Coetsee en ds P Venter ontvang opdrag om ‘n welomskrewe opdrag vir die Deputate op te stel en aan die Sinode voor te lê.
**Decision:** Added in: Point 2.3: Prof AJ Coetsee and Rev P Venter receive the assignment to draw up a well worded mandate for the Deputies and to present it to the Synod.

D. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

E. Ds P Venter rapporteer namens die ad hoc kommissie oor pt 2.3.
Rev P Venter reports on behalf of the ad hoc commission on pt 2.3.

F. **Besluit:** Die Rapport van die ad hoc kommissie oor pt 2.3 word terugverwys.
**Decision:** The Report of the ad hoc commission on pt 2.3 are referred back.

G. Ds P Venter rapporteer namens die ad hoc kommissie oor pt 2.3.
Rev P Venter reports on behalf of the ad hoc commission on pt 2.3.

H. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **1. Matters that the Synod take note of** |
| 1.1 Sr K Bain het die opdrag gekry by Deputate Jeugsorg en Deputate Tydskrifte om te begin met die ontwikkeling van ‘n Engelse tydskrif. | 1.1 Si K Bain was tasked by the Deputies Youth Care and Deputies Journals to start developing an English magazine. |
| 1.2 Aanvanklik sou dit ‘n jeugtydskrif gewees het, maar in die lig van al die tydskrifte se finansiële toestand is besluit om een selfstandige tydskrif uit te gee vir lesers van alle ouderdomme. | 1.2 Initially it was to be a youth magazine, but in light of the financial state of all the magazines it was decided to publish one independent magazine for readers of all ages. |
| 1.3 Die voorstel vir die naam *Cross Courier* het uit die kerkverband gekom. | 1.3 The name *Cross Courier* was suggested by a member of the GKSA. |
| 1.4 Om die tydskrif bekend te stel, is die volgende kanale gevolg: ‘n webblad is geskep waar die tydskrif gratis afgelaai kan word; ‘n afsonderlike nuusbrief vir Cross Courier is gemaak en uitgestuur; ‘n aantal uitgawes van die tydskrif is na konferensies gestuur; ‘n Facebook-blad is geskep; tydskrifte is uitgedeel by die Buitengewone Algemene Sinode van 2016. | 1.4 The magazine was introduced as follows: A website was created where the magazine could be downloaded free of charge; a separate newsletter was drafted for Cross Courier and sent out; a number of issues were circulated at conferences; a Facebook page was created; and issues were distributed at the Extraordinary Synod 2016. |
| 1.5 *Finansies* | 1.5 *Finances* |
| 1.5.1 Borge en donasies is vanuit die kerkverband ontvang. | 1.5.1 Sponsors and donations were obtained from the churches. |
| 1.5.2 Deputate Jeugsorg en Deputate Almanak het groot finansiële bydraes | 1.5.2 The Deputies Youth Care and Deputies Almanac made large financial |

| | |
|---|---|
| gelewer om hierdie tydskrif gratis, met geen finansiële las, uit te gee.<br><br>1.6 Ons is dankbaar dat daar met die skrywe hiervan twee uitgawes van *Cross Courier* uitgegee is.<br>1.7 Vir die voortsetting van die tydskrif benodig die redaksiespan verdere terugvoer.<br>**Besluit: Punte 1.1 tot 1.7 kennis geneem.** | contributions to issue the magazine free of charge, without any financial burden.<br>1.6 We are grateful that at the time of writing this Report two issues of *Cross Courier* have been published.<br>1.7 Further feedback is required to continue publishing the magazine.<br><br>**Decision: Points 1.1 to 1.7 noted.** |
| **2. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>2.1 In die lig daarvan dat *Cross Courier* nie alleenlik 'n jeugtydskrif is nie, ressorteer die opdrag onder Deputate Tydskrifte.<br>**Besluit: Goedgekeur.**<br>2.2 Die Deputate Jeugsorg allokeer fondse wat hul vir die Gee-jaar sou gegee het om hul skulde af te betaal, vir die ontwikkeling van Cross Courier.<br>**Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **2. Matters that the Synod decide on**<br>2.1 Given that *Cross Courier* is not only a youth magazine, the instruction should fall to the Deputies Journals.<br><br>**Decision: Approved.**<br>2.2 The Deputies Youth Care allocate the funds that would have been given to the Gee-jaar to pay of their debt, for the development of the Cross Courier.<br>**Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** |

## I. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE – MANDAAT OOR CROSS COURIER / REPORT OF THE AD HOC COMMISSION – MANDATE ON CROSS COURIER

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag**<br>Prof AJ Coetsee en ds P Venter ontvang die opdrag om die opdragte van die Deputate Kerklike Tydskrifte te beskryf mbt GKSA se Engelse tydskrif Cross Courier.<br>**Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **1. Assignment**<br>Prof AJ Coetsee and Rev P Venter are given the task of defining the mandate to the Deputies Church Journals with regards to the GKSA's English journal Cross Courier.<br>**Decision: Noted (amendments already added – Deputies Acta).** |
| **2. Aanbeveling**<br>Die Sinode keur die volgende goed<br>2.1 Dat die Deputate Kerklike Tydskrifte 'n redakteur benoem wat vir hom/haar 'n redaksie saamstel.<br>2.2 Dat die redaksie van Cross Courier toesien dat die tydskrif gereeld verskyn.<br>2.3 Dat die tydskrif se teikenmark alle ouderdomme is.<br>2.4 Dat die redaksie baie spesifieke stappe neem om skrywers te werf wat artikels kan lewer om die genoemde teikenmark te bereik.<br>2.5 Dat die redaksie voortgaan met die tydskrif se web- en Facebook-blad.<br><br>**Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 goedgekeur.**<br>2.6 Dat die Deputate Kerklike Tydskrifte en Jeugdeputate in samewerking met die | **2. Recommendation**<br>The Synod approves the following<br>2.1 That the Deputies Church Journals name a editor who forms an editorial panel for him/her.<br>2.2 That the editorial panel ensures dat the Cross Courier appears regularly.<br><br>2.3 That the magazine's target market is all ages.<br>2.4 That the editorial panel take very definite steps to recruite writers who can deliver articles to reach the target market.<br>2.5 That the editorial panel proceed with the magazine's website and Facebook-page.<br>**Decision: Points 2.1 to 2.5 approved.**<br>2.6 That the Deputies Church Journals and Youth Deputies, in conjunction with the |

| | |
|---|---|
| Bestuur van die Administratiewe Buro 'n besigheidsplan opstel waarna bogenoemde uitgevoer word. | Management of the Administrative Bureau, create a business plan in which the abovementioned can be executed. |
| **Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** |
| 2.7 Dat die Deputate Kerklike Tydskrifte en Jeugdeputate 'n mandaat ontvang om van hulle beskikbare fondse vir Cross Courier te gebruik. | 2.7 That the Deputies Church Journals and Youth Deputies receive a mandate to use some of their available funds for the Cross Courier. |
| **Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** |